**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER

CANDIDATE NUMBER

*8530900323*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2017**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE IN ANY BARCODES.

Answer **all** questions in the spaces provided.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die blokkies boaan hierdie bladsy.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF **NIE**.

Beantwoord **al** die vrae in die ruimtes wat daarvoor verskaf is.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **17** printed pages and **3** blank pages.

DC (ST/SW) 139084/3
© UCLES 2017

CAMBRIDGE International Examinations



https://xtremepape.rs/

**Oefening 1**

Lees die volgende advertensie vir 'n spesiale boekefees. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Leesstof en langore



Die baie gewilde jaarlikse Eseltjiesrus Boekefees vind weer vanaf Vrydag 22 tot Sondag 24 Mei op McGregor plaas.

Hierdie boekefees, wat vir die negende keer aangebied word, is al beskryf as "die grootste boekeverkoping in die Wes-Kaap". Wat hierdie boekefees so besonders maak, is dat al die geld wat gemaak word, gebruik word om donkies te help wat mishandel is.

Die organiseerder van die fees sê hulle verwag mense van oral in die Wes-Kaap. "Almal wat hierdie fees bywoon, onthou die wonderlike verskeidenheid boeke en die groot winskope. Die totale inkomste uit die boekefees word vir die toevlugsoord vir donkies gebruik. Dit maak dit nóg lekkerder om geld hier uit te gee!"

Vragtevol splinternuwe boeke en talle tweedehandse boeke is te koop. Besoekers kan ook 'n hele klomp pryse by hierdie enorme uitverkoping wen. Daar is meer as 11 000 boeke om uit te kies en op elkeen van die drie dae word nóg nuwe voorraad bygevoeg.

Die boekefees bied kinderboeke, storieboeke, skaars boeke, biografieë, godsdienstige boeke, kos- en reisboeke én vele meer.

Dit vind in die munisipale sentrum in Voortrekkerstraat op McGregor plaas.

Eseltjiesrus is 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie sowat 4 km buite McGregor. Dit is beslis 'n besoek werd. Al die donkies is uit aaklige toestande gered en geniet nou vir die eerste keer 'n gelukkige lewe sonder pyn en lyding.

Vir meer inligting oor die fees, skakel 023 625 1593.

(Uit: *Die Burger*, 20 Mei 2015)



https://xtremepape.rs/

1 Hoe dikwels vind die Eseltjiesrus-boekefees plaas?

..........................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

2 Waarvoor word die geld gebruik wat by die boekefees gemaak word?

..........................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

3 Waar kom die meeste besoekers aan die boekefees vandaan?

..........................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

4 In watter **twee** kategorieë kan al die boeke op die boekefees verdeel word?

**(i)** ...................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

**(ii)** ...................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

5 Hoe verskil die lewe van die donkies by Eseltjiesrus nou van die tyd voor hulle daarheen gekom het?

Vroeër: ...........................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

Nou: ................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

6 Wat is die "langore" wat in die titel genoem word?

..........................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[1]

[Totaal: 8]

© UCLES 2017


https://xtremepape.rs/

**Oefening 2**

Die Departement van Kuns en Kultuur wil inligting insamel oor watter musiekinstrumente tieners bespeel. Lees die volgende teks oor Judy Malan en vul die res van die vorm wat volg, in.

Judy Malan is in graad 10 aan die Hoërskool Middelburg. Sy is 16 jaar oud en is op 8 Februarie 2001 gebore. Sy woon by haar ma in Bergstraat 17, Middelburg, 5900. Haar huistelefoonnommer is 049 8434720 en haar selfoonnommer is 0793266825. Judy se e-posadres is judy.malan@mweb.co.za. Elke naweek gaan Judy na haar pa in Graaff-Reinet. Sy adres is Kerkstraat 49, Graaff-Reinet, 6280.

Musiek is nog altyd deel van Judy se lewe. Haar pa is ’n musiekonderwyser en as kind het Judy altyd geluister hoe hy klavier- en vioollesse gee. Hy is self ’n uitstekende fluitspeler.

Op laerskool was Judy ’n lid van die skoolorkes en het blokfluit gespeel. Nou neem Judy musiek as vak by die skool. Haar instrument is die viool. Naweke leer haar pa haar om die klarinet te bespeel, want privaat lesse is te duur.

By die skool behoort Judy aan die Musiekvereniging. Hulle reël konserte en praatjies oor musiek. Onlangs het twee uitstekende jazz-musikante oor die tjello en die basviool kom praat.

Vir Judy is musiek soos suurstof. Sy luister omtrent altyd daarna – oor die internet en op haar selfoon. Sy geniet ook haar pa se groot CD-versameling.

Judy hoop om musiek op universiteit te bestudeer en dan deur die wêreld te reis.



https://xtremepape.rs/

7

**Tieners en musiek**

Opname

*Vul asseblief die vorm in.*

Naam: Judy Malan

Naam van skool: Hoërskool Middelburg    Graad: 10

Persoonlike besonderhede:

- Geboortedatum: ..........
- Adres: .........., Middelburg, 5900
- Selfoonnommer: ..........
- E-posadres: judy.malan@mweb.co.za

Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s) en vul die nodige inligting in:

- Ek bespeel die volgende instrumente:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| blokfluit | ☑ | fluit | ☐ | kitaar | ☐ |
| klavier | ☐ | tjello | ☐ | viool | ☐ |

Ander: ..........

- Ek leer musiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| by die skool | ☐ | tydens privaat lesse | ☐ |
| by 'n musiekskool | ☐ | Ander: .......... | |

- Ek luister na musiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| by konserte | ☑ | oor die radio | ☐ |
| op die internet | ☑ | op CD's | ☑ |

- My toekomsplanne:

..........

..........

[9]

[Totaal: 9]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 3**

Lees die teks oor gidshonde en voltooi dan die aantekeninge wat volg.

## Gidshond laat blinde met nuwe oë 'kyk'

Wanneer Riana Booysen haar voordeur oopmaak, staan Kwanza, haar swart labrador, ook nuuskierig nader. Kwanza is nie sommer 'n gewone hond nie, hy is 'n opgeleide gidshond. Hy is Riana se oë in die huis en wanneer hulle gaan inkopies doen of kuier.

Riana het haar sig op 21 weens diabetes verloor en is reeds ses jaar blind. Sy was onlangs drie weke in Johannesburg waar sy haar gidshond ontmoet het en waar hulle saam deur die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging opgelei is.

Om 'n gidshond te kry, moet 'n mens aansoek doen. Daarna word jy gekeur.

Nadat Riana goedgekeur is, was sy een van 'n groep van agt "studente" wat drie weke by die Gidshondvereniging se sentrum deurgebring het. Hulle het daar saam met hul gidshonde opleiding ontvang. Die studente het in 'n gastehuis by die sentrum gebly.

Die studente is eers twee dae georiënteer om die omgewing en huis te leer ken. Hulle is geleer hoe om honde te hanteer en te versorg. Hulle moes ook leer watter opdragte om vir die honde te gee.

Daarna is die studente aan hulle honde voorgestel. Volgens Riana was dit "liefde met die eerste kennismaking" toe sy vir Kwanza ontmoet het. "Hy is die wonderlikste en liefdevolste hond," vertel Riana.

Nadat die studente hulle honde ontmoet het, kon die opleiding begin. Dit was eers moeilik en 'n groot uitdaging. Al die opdragte aan die honde word met voet- en handbewegings gegee. Dit was uitputtend omdat die studente die hele tyd moes konsentreer om al die nuwe goed te leer. Hulle het ook baie gestap en geoefen. Aan die einde van elke week was daar een dag waarop elke student die roetes en roetines alleen moes doen terwyl die instrukteurs hul vordering gemonitor het.

Na die drie weke het 'n instrukteur saam met Riana huis toe gekom om te evalueer hoe sy en Kwanza tuis regkom. Riana en Kwanza het so goed gevaar dat die instrukteur ná slegs vier dae tevrede was dat hulle op hul eie kon voortgaan. Riana moes vir die eerste maand elke week verslag doen, en daarna elke maand.

Volgens Riana het Kwanza se koms haar lewe verander. Nou het sy die vryheid om onafhanklik rond te beweeg.

Gidshonde se opleiding begin ses tot sewe weke na geboorte wanneer die hondjies uitgeplaas word in die huise van "puppy walkers", vrywilligers wat 'n hond 'n jaar lank oppas. Gedurende hierdie jaar word die hondjies gesosialiseer. Hulle leer huis- en toiletmaniere, word aan mense en ander troeteldiere gewoond gemaak en leer ken dinge in die omgewing soos verkeer, voetgangers en winkelsentrums.

Daarna keer die honde terug na die sentrum, waar hulle ses maande lank intensief deur instrukteurs opgelei word. Die hond se sterk en swak punte en sy karakter word deeglik ontleed sodat hy aan die regte persoon toegeken word.

Die waarde van 'n opgeleide gidshond is omtrent R75 000. Die vereniging betaal hiervoor. Hulle kry die geld hoofsaaklik deur skenkings. Gesiggestremde persone wat die honde gebruik, betaal slegs 'n klein bedrag.

© UCLES 2017 

https://xtremepape.rs/

Hoewel dienshonde ook sedert 1994 opgelei word vir mense in rolstoele, bly die opleiding van gidshonde vir blindes steeds die vereniging se belangrikste doel. Gehoorhonde vir mense met gehoorgebreke, sowel as sosiale honde (wat byvoorbeeld outistiese kinders help) word ook op klein skaal hier opgelei.

Die Gidshondvereniging teel al hulle honde self. Net sowat 65% van die honde is uiteindelik goed genoeg om gidshonde te wees. Die res word as dienshonde opgelei.

Meer inligting oor die Gidshondvereniging is beskikbaar by www.guidedog.org.za.

(Uit: *Volksblad*, 7 Junie 2011)

Jy gaan 'n praatjie oor gidshonde in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**8** Stappe in die proses om 'n gidshond te kry:

- Doen aansoek by die Gidshondvereniging ..........................................................
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

**9** Stappe in jong gidshonde se leerproses:

- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

**10** Ander kategorieë honde wat mense help, behalwe gidshonde:

- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

[8]

[Totaal: 8]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 4**

**11** Gebruik die teks oor gidshonde en skryf ’n opsomming oor **die rol wat die Gidshondvereniging in blindes se lewens speel**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet **een paragraaf** lank wees en nie meer as **80 woorde** nie. Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..................................................................................................................................[5]

[Totaal: 5]

© UCLES 2017 

https://xtremepape.rs/

**BLAAI OM VIR OEFENING 5.**



https://xtremepape.rs/

**Oefening 5**

**12** Jy gaan ’n kursus oor tieners, kultuur en diversiteit bywoon. Elkeen wat vir die kursus inskryf, moet voor die tyd ’n kort opstel oor hulleself, hul belangstellings en hul ideale vir die toekoms instuur.

Jou opstel moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- wie jy is, hoe oud jy is en waar jy vandaan kom
- jou belangstellings
- jou ideale vir die toekoms.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou opstel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2017 

https://xtremepape.rs/

...............................................................................................................................................[15]

[Totaal: 15]

© UCLES 2017





https://xtremepape.rs/

**Oefening 6**

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Trots in Afrikaans

Hy is talentvol en hy is intelligent. Vir Katlego Maboe, sanger, rekenmeester en aanbieder, lê Afrikaans na aan die hart.

’n Mens kan nie help om te glimlag wanneer jy Katlego Maboe ontmoet nie. Jy geniet nie net die mooi Afrikaans wat hy praat nie, maar ook sy wonderlike sin vir humor. Hy het bekend geword as sanger, maar is deesdae ’n gewilde televisie-aanbieder en geleentheidspreker. Katlego praat Setswana, Afrikaans en Engels ewe goed en gemaklik.

Hy is in Potchefstroom gebore en is vanaf driejarige ouderdom deur sy ouma grootgemaak. Sy belangstelling in sang het begin toe sy ouma eendag vergeet het om hom na skool op te laai. Hy volg toe ’n klompie kinders wat op pad na ’n koor-oudisie is. En dit was die begin van sy groot liefde. As kind was sy dae toe vol krieket, rugby, hokkie en kooroefening. Hy het gou ’n lid van die Noordwes-kinderkoor geword. Na skool het hy aan die Universiteit van Noordwes gaan studeer. In sy tweede jaar was hy deel van die bekende a cappella-sanggroep Flip a Coin.

Katlego Maboe het ingestem om ’n paar vrae te beantwoord.

*Jy het by jou ouma en oupa in die Ikageng-township grootgeword. Is dit waar jy jou liefde vir Afrikaans gekry het?*
Ek dink my ouma en oupa het my nuuskierig oor Afrikaans gemaak. Hulle het gereeld in Afrikaans oor my geskinder. Dan het hulle uitgebars van die lag, en natuurlik wou ek saamlag! Ek moes weet wat hulle van my sê. My liefde vir Afrikaans het regtig begin toe ek in die Noordwes-kinderkoor gesing het. Die meeste van die kinders was Afrikaans, en ek het besluit ek wou hulle taal leer sodat ek vriende met hulle kon wees. Later het ek naweke by hul huise gaan kuier. Dis toe dat ek agterkom dat my kultuur nie so baie van hul kultuur verskil nie. Respek vir mense, veral dié wat ouer is as jy, word hoog op prys gestel, en familie en liefde is belangrik. Dis sulke dinge wat gemaak het dat ek lief geword het vir Afrikaans, nie net as ’n taal nie, maar ook as ’n kultuur.

*Wat is vir jou ’n belangrike beginsel in jou lewe?*
Ons is almal gemaak om mekaar lief te hê. Wanneer mense soms ons lewe moeilik maak, beteken dit nie ons moet moed opgee met die mensdom nie. Nelson Mandela het ons geleer dat ons ander mense moet vergewe. Ek doen my bes om elke dag ’n voorbeeld te wees van die soort mens van wie ek hou.

*Wat is jou familie se reaksie op jou goeie Afrikaans?*
Hulle is gewoonlik vol komplimente oor die manier waarop ek Afrikaans praat en trots dat ek die taal so goed ken.

*Is jy bekommerd oor die toekoms van Afrikaans?*
Nee, ek dink Afrikaans het ’n baie sterk basis waarop ons kan bou. Afrikaanse musiek en die kunste het groot ondersteuning van almal. Nie net van Afrikaanssprekendes nie. Afrikaans is tog een van die land se elf tale wat ons reënboog inkleur en waarsonder die reënboog onvolledig is.

*Wat is jou boodskap vir jongmense?*
Natuurlik is dit belangrik om hard te werk. En onthou, hoe harder en hoe meer jy werk, hoe groter is jou kans op sukses.

(Uit: *Rooi Rose*, Augustus 2014)

© UCLES 2017


https://xtremepape.rs/

**13** Verduidelik waarom Katlego mense laat glimlag. Noem **twee** dinge.

.................................................................................................................................

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[2]

**14** Hoe het Katlego se ouma hom indirek gehelp om sy liefde vir sang te ontdek?

.................................................................................................................................

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[2]

**15** Noem **twee** dinge wat gemaak het dat Katlego Afrikaans wou leer.

.................................................................................................................................

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[2]

**16** Verduidelik wat Katlego laat besef het dat sy kultuur en die Afrikaanse kultuur nie baie verskil nie.

.................................................................................................................................

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[2]

**17** Watter les het Nelson Mandela ons geleer, volgens Katlego?

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[1]

**18** Waarvan is Suid-Afrika se reënboog ’n simbool, sê Katlego?

.................................................................................................................................

...........................................................................................................................[1]

[Totaal: 10]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 7**

**19** Lees die volgende uitsprake oor advertensies:

| |
|---|
| "Advertensies gee belangrike inligting oor produkte." |
| "'n Mens kan nie glo wat in advertensies gesê word nie." |
| "Koerante en tydskrifte sal nie sonder advertensies kan bestaan nie." |
| **"Advertensies is 'n mors van tyd."** |
| "Advertensies help 'n mens om tussen produkte te kies." |
| "Advertensies in die middel van TV-programme is irriterend." |

Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die rol en belangrikheid van advertensies bespreek.

Jou artikel moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou artikel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

© UCLES 2017


https://xtremepape.rs/

https://xtremepape.rs/

https://xtremepape.rs/

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

...................................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[15]

[Totaal: 15]



https://xtremepape.rs/

BLANK PAGE



https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**



https://xtremepape.rs/

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/